

## Numeri 6:23-27

### Tema: Die geseënde lewe is 'n menswaardige lewe

Talle mense beskryf Suid-Afrika soos volg: Dis 'n land van moord, roof, diefstal, verkragting, vroue en kindermisbruik, huishoudelike geweld, dwelmshandel, bedrog, vermorsing van publieke fondse, oneerlike saketransaksies, rassisme, plaasmoorde, kapings, bendegeweld, misbruik van die Handves van Menseregte, luiheid, afbreek van gesinsstrukture, gebrekkige wil om die bose te opponeer, 'n groeiende kloof tussen ryk en arm, swak lewering van dienste aan armes deur owerhede, slinksheid, gierigheid, selfsug, morele verval, korrupsie van polisie tot parlement. Ons sou sekerlik nog kon uitbrei op hierdie hartseer lys.

Die vraag wat hierdie treurige stand van sake by ons oproep is dit: Kan Christene 'n verskil maak aan hierdie donker prentjie? Numeri 6 verse 23-37 leer ons dat God wel 'n verskil maak aan sulke donker prentjies. God sal 'n lewe van menswaardigheid bring. Hy bring dit deur mense te seën. Dié teks vertel ons van God se seën. God se seën beteken dat Hy by ons is en dat Hy ons beskerm. Ons word aan allerlei gevare blootgestel, maar God sal ons deurdra. Al gaan ons deur die riviere, Hy sal sorg dat die water ons nie oorweldig nie, al gaan ons deur die vuur, Hy sal sorg dat die vlam ons nie skroei nie. In die moeilikste omstandighede maak Hy ons meer as oorwinnaars. God se seën verseker bang, kwesbare weerlose hulpelose mense: Die Here beskerm julle. Hy sal nie toelaat dat julle vernietig word nie.

God laat skyn sy aangesig oor ons. Die ergste wat met die outestamentiese gelowige kon gebeur is dat God sy aangesig van jou wegdraai. Daarom hoor ons dikwels dié gebed in die psalms: Here moet asseblief nie u aangesig vir my verberg nie. God se aangesig wat oor ons skyn beteken Hy kyk met liefdevolle oë na ons, met oë wat sê: jy is kosbaar vir My, hooggeag, Ek kan jou nie prysgee nie. My binneste kom in beroering oor jou. Niks kan jou skei van my liefde nie. Sonder hierdie liefdesblik wou die outestamentiese gelowige nie die lewe aandurf nie.

God se seën beteken ook Hy is genadig teenoor ons. Hy gee aan ons die goeie wat ons nie verdien nie. Hy werk nie met meriete nie. Hy gee nie aan ons volgens wat ons verdien nie. Hy hou nie ons oortredinge teen ons nie. Hy spreek ons vry. God se seën bevestig vir mense met angs en skuld: Hy sal nie sy aangesig vir jou verberg nie. Sy liefde vir jou het nie opgedroog nie al is jy ook hoe verwerplik. Hy gee nie vir jou volgens wat jy verdien nie. Hy help jou om nuut te begin. Hy gee jou nog 'n kans.

En weet u, Hy verhef selfs sy aangesig oor ons. Dit beteken Hy kyk met verwagting na ons. Hy verwag goeie dinge van ons. Soos die skeidsregter langs die veld met opgewondenheid en hoë verwagtinge sit en kyk na sy spelers, so kyk God na ons. Hy belê immers baie in ons. Hy het die duurste betaal vir ons: Sy eniggebore Seun het immers mens geword. Hy het gely en aan die kruis gesterf. Hy het uit die dood opgestaan. Hy het opgevaar na die hemel. Hy het

die Heilige Gees gestuur sodat ek en u goeie vrugte kan dra. Sodat God na ons kan kyk met die gevoel van Sefanja 3:17 wat Hy het vir die nederiges, vir die mense wat hul totale vertrou in Hom stel: Hy is vol vreugde oor jou. Hy is stil-tevrede in sy liefde. Hy jubel en juig oor jou.

God se seën bereik sy hoogtepunt, in die medeling dat God vir ons sy vrede gee. Dié vrede is shalom. Dit sê vir ons konflikte en oorloë sal verby wees. Dit sê vir ons alle onreg sal verdwyn. Alles in ons persoonlike lewens en in ons samelewing wat verkeerd is sal reg wees. Alles wat op verkeerde plekke staan, God self sal dit op regte plekke plaas. Alles wat stukkend is, God sal dit heelmaak.

God verseker vir mense wat stukkend geslaan is deur die lewe, deur 'n ongelukkige huwelik, deur 'n verkragting, deur die moord van 'n familielid, deur 'n verlore werkgeleentheid, deur die dood van 'n geliefde: Ek sal julle heelmaak. Hy verseker vir mense wat voel dat alles verkeerd loop: Ek sal alles wat op verkeerde plekke staan op regte plekke plaas. God verseker mense wat ongelukkig voel en meen dat daar tog geen hoop en sin in die lewe is nie en dat jy jou maar kan onttrek aan die lewe of dat jy maar met geweld teenoor medeskepele kan optree en dat jy jou maar kan vergryp aan geld en dwelms en die ander se liggaam en selfs andere kan seermaak en doodmaak: Daar is hoop. Ek sal julle ware uitkoms en vreugde gee. God verseker mense wat voel dat hulle uit pas met die wêreld is, dat hulle verloor omdat hulle nie by oneerlike transaksies wil betrokke raak nie, of by verkeerde seksuele praktyke nie omdat hulle dink die huwelik is 'n heilige saak: Moenie op allerlei bedenklike maniere na geluk soek nie. Ek maak julle ware wenners. Ek sal vir julle blywende geluk en vreugde gee.

God verseker Suid-Afrika van sy vrede. Hy sal alles heel maak in die stukkende land van ons. God seën Afrika: Hy sal alles wat op hierdie kontinent verkeerd is, regmaak. God het die hele wêreld in sy hand lui die bekende koortjie. Hy seën die hele wêreld. Hy bring heling en vrede en vreugde vir die ganse wêreld, vir mens, dier en plant, ja vir die ganse skepping.

God stort sy seën oor ons uit. Sy seën is nie maar net iets waarvoor ons wens nie. Dis ook nie net iets waarvoor ons bid nie. Dis God se belofte, meer nog: sy teenwoordigheid by ons, sy beskerming, sy skynende aangesig, sy reddende genade, sy verwagtinge aangaande ons, sy vrede – dit alles is sy toeseëging aan ons. Hiermee kan ons die lewe, die toekoms tegemoetgaan.

God sou dit sekerlik ook sonder ons kon doen, maar deur sy geseëndes, deur ek en u, seën God die hele wêreld. Iemand het gesê hier op aarde gebruik God nie in die reël nie “angels” nie, maar Hy gebruik hoofsaaklik “agents”. Hy gebruik menslike agente en diensknegte, vir ek en u. Kan Christene Suid-Afrika se donker prentjie verander? Ja ons kan. Maar hoe? Deur te leef as God se geseëndes, deur sy seën ernstig op te neem en sodoende in hierdie land te wys daar is 'n God wat alle mense seën, 'n God wat by ons en vir ons is, wat ons veiligheid skenk, wat ons bemin, wat ons vergeef, wat ons vryspreek, wat ons verlos van al ons individuele en sosiale booshede, wat veel van ons verwag, wat ons individuele en sosiale, ja omvattende vrede, 'n lewe van menswaardigheid, gee. Waar miljoene Christene ernstig en opgewonde is oor God en sy seën kan dinge tog regtig nie dieselfde bly nie!

Amen